Vyfde uitgawe
2014

Koeda

Pretoria Bonsai Kai

The word Koeda is Japanese and means: 'Graceful branch'. It is pronounced Ko-eda.

Pretoria Bonsai Kai bestuur:

- Voorsitter – Org Exley
  082 809 2037
- Onder voorsitter – Francois van As
  074 601 1847
- Tesourier - Daan du Toit
  012 567 2520
- Sekretaresse – Mariaan Erwee
  083 377 7893
- Skakelbeampte—Christa Vermaak
  083 388 4736
- Addisionele lede :
  Otto Koekemoer
  Martin Kruger
  Johan Els
  Jaco Kriek

Enige idees, artikels of terugvoering rakende die nuusbrief kan gegee word aan Jaco Kriek by:

Jaco.kriek@aurecongroup.com

In hierdie uitgawe

Van die redakteur	1
Briewe bus / Vra is vry	2
Huldeblyk Theuns Roos	3
BRAT 30 August	5
Climbers	8
Terugvoering demonstrasie	11
Vergadering 6 September	12
SABA mini konvensie	14
Kleur	16
Vergadering 4 Oktober	22
Uitstalling	30
Lede profile	32
Kalender	33

Van die redakteur.

Beste Kai lede.

Ons skou is verby. Vir my is die skou altyd een van die hoogtepunte van die bonsai jaar. Behalwe vir die plesier van al die mooi bome, geniet ek dit om rond te staan en mense uit die publiek se kommentaar oor die bome te hoor. Wat mens egter ook baie hoor, van veral lede en 'kenners', is baie raad, of is dit 'kritiek', op van die bome.

Ek lees iewers die storie van twee taksidermiste wat by 'n vertoonvenster staan en na 'n uil kyk wat uitgestal is. Hulle het kritiek gelewer oor hoe die uil gemonteer is. Vir hulle was die uil se oë ook nie natuurlik nie. Sy vlerke was uit verhouding met sy kop. Sy vere was ook nie mooi gerangskik nie. Dan kon sy voete ook beter aan die tak gewees het waarop hy sit. Terwyl hulle nog so staan en fout vind draai die uil skielik sy kop en knip sy oë.

Ek onthou goed hoe ek 'n klompie jare gelede as beginner 'n boompie van my na 'n klub uitstalling geneem het. Dit was 'n Vytjie op 'n rots en as beginner was ek redelik trots op my skepping. Ek staan toe naby my boom en so kom daar twee lede na hom staan en kyk. En die een lid, wat beskou is in die klub as 'n ervare man, sê vir die ander een: "Dit is 'n baie mooi rots maar 'n rubbish boom." Ek was redelik terneurgedruk.

Was ek te fyngevoelig? Was die kommentaar van die ervare lid (alhoewel hy nie geweet het dit my boom was nie) te onsensitief? Ek weet nie. Wat ek nou weet na bietjie meer ondervinding is dat die kommentaar wel korrek was, alhoewel bietjie kras.

Wat wil ek nou eintlik sê……..? Ons moet dalk nie te sensitief wees oor kritiek kry nie, maar wel sensitief oor hoe ons kritiek uitdeel?

Jaco

Briewe Bus / Vra is Vry

In die derde uitgawe van 2014 het een van die lede die foto links van 'n klein Ficus Natalensis gestuur met 'herfsblare'. Die lid wou weet of dit normaal was en of die boom dalk besig was om te vrek.

Die volgende kommentaar is ontvang van Tricia Fourie, lid van Kierieklapper Bonsai Kai:

Hi Jaco

Ek het nou in Koeda gelees van iemand wie se Ficus natalensis se blare geel geword het gedurende die winter. Ek het n paar verskillende varieteite van die spesie en party van hulle word borrie geel en die blare bly aan die bome tot lente wanneer nuwe blare bot. Ek geniet die geel blare nogal baie. Moet dus nie bekommer oor die geel blare, geniet hulle!!

Tricia Fourie

A bonsai is not only the result of applying certain techniques. Apart from the natural physical power of the tree, there is something in the process of creation that comes from within the artist's soul. We also gain inspiration from what we see and remember. Nature is the source of all models. - Alphonso J Aparicio Mena

Huldeblyk - THEUNS ROOS deur Charles Ceronio

'n Geliefde en Geëerde Bonsai vriend met fyn aanvoeling, kennis en wysheid.

Theuns Roos is op 10 Julie 1922 gebore en het in die Bosveld en Pretoria groot geword. Hy het as jong seun by die Lugmag aangesluit en was opgeroep om in die Tweede Wêreld oorlog te gaan veg teen die Duitse magte.

Hy het graag staaltjies vertel van sy wedervaringe. Hy was op 'n stadium gestasioneer in Italië en het mooi en interessante herinneringe aan die land gehad.

Theuns het 'n fyn aanvoeling vir die kunste gehad en was 'n kunstenaar soos gesien kon word in sy bonsai skeppinge oor baie jare.

Ek en Elsie was bevoorreg om Theuns en sy vrou Lulu in 1969 te kon ontmoet waar ons teenwoordig was met die stigting van die Pretoria Bonsai Kai.

Theuns en Lulu het destyds in Brits gewoon en hy het nooit een vergadering gemis nie. Later het hulle na Pretoria getrek en Lulu het hom kort daarna ontval.

Theuns het drie seuns gehad waarop hy baie trots was. Pieter, die oudste is 'n uitstaande fotograaf en Frikkie wat oorlede is was 'n argitek tekenaar en ontwerper. Hierdie twee seuns het hul vader se kunssin geerf. Theunis, die jongste is 'n apteker van beroep.

Theuns was 'n natuur-liefhebber en was 'n fyn waarnemer van die natuur. Ek onthou hoe hy baie kere vir my gesê het hoedat 'n sekere koppie naby Parys of 'n besonderse boom hom geinspireer het om dit te probeer naboots.

Sy beroemde groep Olienhoute wat tans aan Erika Kohler behoort was in 1999 een van die Tien Beste bome in die wêreld.

Dit was 'n besondere prestasie en ons klompie wat die 4de Wêreld Bonsai Konvensie in Munchen bygewoon het, het natuurlik vir almal wat daar was vertel dat die Olienhout-groep aan Theuns Roos, een van die Pretoria Bonsai Kai se lede behoort. Die Tien beste bome se fotos was 'n meter groot opgeblaas en spesiaal in 'n apparte vertrek vertoon.

Vervolg op 4

Huldeblyk - THEUNS ROOS deur Charles Ceronio

Theuns en sy vriend, Edwin Morgenroodt was op ‘n keer met vakansie in Oribi Gorge en daar het Theuns vir die eerste keer van aangesig tot aangesig met ‘n Natalvy te doene gekry.
Die boom het onder ‘n krans gegroei en Edwin moes Theuns aan sy enkels vashou sodat Theuns ‘n takkie van die Wildevy kon bykom.
Danksy hierdie heldedaad is omtrent 90% van al die vye in Pretoria afstammelinge van daardie Oribi boom.

As gevolg van die gewig van die groot bome het Theuns later op Shohin boompies wat hy maklik op ‘n skinkbord kon dra oorgeskakel.
Die laaste jaar het hy as gevolg van sy gesondheid nie meer aktief die Bonsai vergaderings bygewoon nie, maar die laaste vergadering op 6 September was ons almal verheug omdat hy teenwoordig was, dankie aan Esther wat die dag vir hom spesiaal gemaak het.

Hy was op sy stil en wyse manier ‘n steunpillaar wat ‘n reuse bydrae oor die afgelope 45 jaar vir die Pretoria Bonsai Kai gemaak het.
Theuns was ‘n nederige en vriendelike mens .
Hy het in al sy jare nooit eenkeer iets leliks van iemand se boom gesê nie. Hy was nooit afbrekend of kwetsend nie. Altyd behulpsaam as iemand sy raad sou vra.
Hy het met wysheid altyd geweet wanneer om te praat en wanneer om stil te bly.

Theuns het gesê dat sy lang geseënde jare aan dissipline toegeskryf kon word.
As ‘n mens aanhou besig bly en steeds die skoonheid van die wêreld en lewe rondom jou raaksien, sal jy vind dat oud word nie oud wees beteken nie.

Dankie Theuns dat jy altyd vir ons ‘n steunpilaar en voorbeeld was.

Ons salueer jou nagedagtenis ♣

BRAT meeting of 30 August hosted by E RBK

The BRAT open day was hosted by East Rand Bonsai Kai in Boksburg. The theme for the day was ALL SORTS OF DEMS. And that was exactly what happened. A variety of very informative and enjoyable talks was given by the persons mentioned below. Limited information of the talks will be mentioned below. The top ten tree judging was also done and it was pleasing that there were a lot of trees on display. ERBK must be thanked for an enjoyable day.

Kathy Steyn from Far West Bonsai Kai gave a talk on her experience with the Wisteria. She found with hers that it must be pot bound in order to flower. Wounds does not heal and roll over. Must be constantly wet, never dry out. Hers actually stands in water during summer. Slow to ramify and not easy to get branching correct. Wisteria are grown for the flowers and are only shown when in flower. Feed with fertilizer high in potassium when flower buds show. She starts with bi-weekly feeding after leave drop. Bone meal and blood meal is very beneficial. Cathy only uses liquid fertilizer. Never cut roots drastic, only cut out dead roots. Wire sparingly. Repot after flowering.
Feed well and water lots!!

Ian's Chapel Rock at The Great Lakes USA

and The balancing rocks in the Matopos Zimbabwe

Ian Pringle from Waterberg Bonsai Kai gave a talk on how he makes artificial rocks out of polystyrene. It was very information and inspiring to see how natural his 'rocks' are. The basic material he uses are Polystyrene, wood glue, a soldering iron, Cemcrete, cement, cretestain, paint brushes and a spray bottle with water.
Ian also gave a very interesting talk on the determination of the age of a tree. Continue on pg 6

BRAT meeting of 30 August hosted by E RBK

Colin Gerrans gave a very informative talk on the use of the Tea Bush or Tea tree (Leptospermum), also called the New Zealand Tea tree, for bonsai. Colin said that most people are reluctant to use the Tea Bush as bonsai as they have the reputation to be very tricky. They do not tolerate that their roots are disturbed, hence often die when transplanted. Colin however showed beautiful examples of some of his trees which were in full bloom. He has obviously mastered the skill to care for them.

Colin's experience is that they can tolerate very cold conditions, even severe frost. He lives in Nigel and had temperatures below –5 deg this past winter and the Tea bushes are fine. His trees stand in a centimeter or two of water and the water freezes solid and it does not effect the trees.

They love to be moist. As said, Colin's trees stand in water. Never let them dry out!
They also like to be fed well.

There are a couple of varieties with various flower colors. Single and double flowers.

Hennie Reyneke from Midway Bonsai Society gave an inspiring talk on Mame and Shohin bonsai.

We have seen Hennie's beautiful trees which he always displays at the BRAT meetings.

Hennie mentioned the types of trees/suitable for Mame and Shohin. Most are plants that have naturally small leafs. Hennie's favorite is the Ficus Burtt-Davyi. They are hardy, the leafs reduce a lot and they are relatively easy to style.

Hennie's grows most, if not all, his trees from cuttings. He said that if he stick 99 cuttings in the ground 100 will grow.

Hennie grows the trees in medium size growing pots and start basic styling while in the growing pot. He then gradually transplant them to smaller pots, cutting the roots every time, until they are ready for the very small Mame and Shohin pots.

Hennie's trees stand in trays filled with grit and water. The roots grow out of the drainage hole into the grit. He feeds regularly. People were so inspired that they went and bought small pots after Hennie's talk.

BRAT meeting of 30 August hosted by E RBK

The ever popular and entertaining Tommy Ramiah also gave a talk. Tommy believes that we can, should, must…...move away from the 'traditional' Japanese way of styling trees. He also has a motto in bonsai, being a four letter F word…….FUNN. Tommy uses the unusual in bonsai, such as displaying in picture frames, using all sort of things as pots. Here you can see a tree planted in the copper float of a toilet cistern. He uses driftwood as rocks etc etc. Tommy also said that he doesn't plant his trees permanently in pots. He plants them in old pieces of T-shirt material which stands in a gritty growing mixture. The roots of the tree grow through the T-shirt into the other growing medium. When Tommy wants to use the tree for display, he simply lifts it up, cut off the roots which have grown through the T-shirt and places the tree (T-shirt and all) in the "pot".

Tricia Fourie, Kierieklapper Bonsai Kai, gave an informative talk on the Willow style in bonsai.

Climbers as bonsai —By Johan Els.

At the meeting of 10 May 2014 Johan Els gave a talk and demonstration on climbers suitable for bonsai. Due to space, all the information supplied by Johan on various climbers can not be published simultaneously. In two previous issues of Koeda the information on the Ivy and the Wisteria was published. Herewith the third climber discussed by Johan, the Star Jasmine for your enjoyment.

STAR JASMINE

Jasminum multipartitum **Hochst.**

Family: Oleaceae
Common names: starry wild jasmine (Eng.); sterretjies-jasmyn (Afr.); Imfohlafohlane (Zulu)

This is a very rewarding plant with sweetly scented, white, waxy flowers displayed against glossy, dark green foliage. Consider it a 'must-have' in every garden.

Description

This is a large, scrambling, mostly evergreen plant that makes a fine show in the garden. If encouraged, it will climb up to 3 m, although not very strongly, and is best used as a shrub of up to 1.5 m high. It is medium to fast growing.

Bright green, rather shiny leaves form an attractive background to the star-shaped, fragrant flowers. Closed flower buds are pink or red tinted. The corolla lobes of the large, single flowers are pure white when open, and the corolla tubes are coloured pink/maroon. The relatively large (40 mm across) flowers are borne in profusion from early spring to summer, August to January. They have a delicate perfume during the day that becomes markedly stronger in the evening and at night. The fruit consists of twin berries, although sometimes only one develops, they are shiny green until fully grown and then turn to a shiny, bluish black colour. There is usually one quite large seed in each berry and the dark, plum-coloured flesh is very juicy. Continue on pg 9

Climbers as bonsai —By Johan Els.

Distribution
This species has a wide distribution in South Africa, occurring from Eastern Cape, throughout the warmer, drier parts of KwaZulu-Natal, Swaziland and in the bushveld areas of the northern provinces, in northern Mpumalanga and Gauteng.

It may be found growing naturally on rocky slopes, in woodland and in bushy scrub.
The plant is able to withstand some frost but in colder areas it will need a protected corner, generally it does best in regions that have milder winters. Once established, it is fairly drought tolerant although it will require some additional watering during extended dry spells.

Derivation of name and historical aspects
Jasminum is the Latinized form of the Persian name, *yasmin*. And *multipartitum* is Latin meaning 'with many parts or compartments'.

Oleaceae, the olive or jasmine family is represented by about 20 genera and about 448 species of trees, shrubs and climbers in the tropical and temperate regions of the world.

World-wide, the genus *Jasminum* has 200 species of trailing, climbing or erect shrubs occurring mainly in eastern and southern Asia, Malaysia, Australia, Africa and southern Europe, with both evergreen and deciduous species, some preferring full sun, others shade and flower colour ranges from yellow or white to pink. Not all jasmines are scented, though their scent is their biggest attraction and the reason why they are such a popular group of plants.

Jasmines are difficult to distinguish from each other because the flowers are so very similar but the upper surface of the flower is always white in the South African species. There are 10 jasmines indigenous to South Africa, many of which rival the exotic species for showiness and ease of cultivation, but most of our native species are neglected horticulturally. Others worthy of mention are *Jasminum angulare, J. glaucum, J. breviflorum* and *J. streptopus*.

Ecology
The flowers attract insects to the garden, and therefore insectivorous birds follow.

Fruits are eaten by birds, and by people in times of famine. Plants are browsed by game. Larvae of the Cambridge Vagrant Butterfly, the Variable Prince Moth, Oleander Hawk Moth, Death's Head Hawk Moth, and King Monkey Moth feed on *Jasminum* species. Hawk moths pollinate the flowers.

Uses and cultural aspects
Used traditionally as a love charm and to make a herbal tea, fragrance baths and pot-pourri, the genus is important for its horticultural value as lovely well-known ornamentals and popular garden plants. Sprigs of this jasmine are delightful in flower arrangements as the buds will still open after they are picked and their scent pervades the house.The well-known perfume associated with jasmine is extracted from a species native to Iran, *Jasminum officinale*.

Continue on pg 10

Climbers as bonsai —By Johan Els.

Growing *Jasminum multipartitum*

Delightful as a shrub, or as a climber trained onto a trellis or fence, or even shaped into a hedge or screen, this species of jasmine is also an extremely successful container plant, and is attractive even without flowers.

Although it will tolerate full sun, *Jasminum multipartitum* prefers a partially shaded position- a well-drained, shaded corner of the garden is ideal. It succeeds in a variety of soils, but likes plenty of well-rooted organic material to be added regularly.

Excessive water can sometimes cause the plants to die off. Pruning to shape or to curb excessive growth is best done after flowering. It is easy to propagate from semi-hardwood cuttings made in spring and summer when plants are actively growing. Cuttings do best placed under mist with bottom heat and rooting is improved if hormones are used. Propagation by layering runners/suckers from the plant is also successful, as is sowing seed. ♣

Terugvoering oor demonstrasie / werkswinkel bome

By die vergadering van 5 Julie 2014 het Org die ‘Maple’ hier onder links bespreek en genoem wat hy dink hy met hom wil doen. Die foto links is in die vierde uitgawe van 2014 geplaas. Daar is in Org se tuin waargeneem dat hy die daad by die woord gesit het en die boom gesnoei het soos wat hy beplan het, sien foto regs. (Die agtergrond in ’n tuin maak dit altyd moeilik om goeie fotos te neem) Ons sal nou met tyd kan waarneem hoe die boom vorder.

Member news—SABA convention in George

Lifetime achievement certificates were awarded to Charles Ceronio, Louis Nel (postuum), Theuns Roos (who sadly passed away in the week of the convention). The Tommy Flaxman trophy for the best indigenous tree, Charles Ceronio won second place with his Buddleja saligna.

In the Masters designer of the year category Antony Smith (Pretoria Bonsai) won third place.

Vergadering van 6 September 2014

Verslag deur Esther van Aarde en foto's deur Francois van As en Louis van Wyk.

Dit was, soos altyd, 'n baie interessante byeenkoms. Ongeveer 60 lede het die middag se vergadering bygewoon. Martin Kruger het kortliks verduidelik dat dit nodig geword het om die klub se konstitusie rakende die belê van klubgelde, te wysig. Die lede het eenparig toegestem tot so 'n wysiging.

Daarna het Org aan ons waardevolle inligting verskaf oor hoe om plante wat gegrou is te behandel. Hy sit, nadat hy dit gegrou het, die plant in plastieksak met water, sit dit in koelte en bedek met seil om te beskerm teen wind (dit is van plek waar gegrou is en vervoer word na huis). Org laat die nuwe materiaal vir 3 dae tot 'n week in water staan. Sommige mense glo daaraan om gekneusde wilgertak of Dispirin of Vit B1 in water te gooi, maar hy sit niks by nie. Wanneer dit dan in grond geplant word, sit groeihormoon op wortels, sit die plant in skaduryke plek met oggendson, nie namiddagson. Eers wanneer plant sterk groei kan dit na son verskuif word.

Vervolgens het Charles Ceronio en Dirk Neiteler 'n baie interessante praatjie en demonstrasie oor Geelhoutbome gelewer. Die Geelhout (Podocarpus) is SA se nasionale boom, en dit is dan 'n beskermde boom. Dit kom meestal in die suidelike hemisfeer voor. Dit is familie van die conifere maar dra nie keëls nie. Daar is vroulike en manlike bome, dit groei stadig maar kan tot 40 meter hoog word met stamdikte van tot 3 meter. Die Geelhout is immergroen, kan in skadu groei en het baie harde hout. Vervolg op bl 13

Vergadering van 6 September 2014

Daar is 125 spesies waarvan net 4 in SA voorkom, nl

Outeniqua (Outeniekwageelhout)

Henkel geelhout

Die ware geelhout (Podocarpus latifolius)

Breederiviergeelhout – die kleinste van die Geelhoute.

Kan die Geelhout ‘n bonsai vorm? Ja, maar koop liewer plant by kwekery want steg of sade neem baie lank! Moontlike style: kan feitlik enige styl vorm waarvan formeel, regop-informeel, groepe, slanting maar net ‘n paar is. Omdat stadig groei, sit in soveel as moontlk oop grond (tuin of bak). Los soveel moontlik takke om stamverdikking te kry. Die wortels moet stelselmatig afgesny word, nie ‘n derde soos meeste ander plante, hulle vrek maklik. Plant in sanderige grond, voeg perkuliet en bas by, die wortel fungi moet kan asemhaal. Moet genoeg water kry op voorwaarde dat grond goed dreineer. As jy wil hê jou Geelhout moet vinnig groei is 3 dinge belangrik, nl son, water en kos. Seagrow en hidroponiese misstof werk baie goed. ♣

SABA mini konvensie - deur Esther van Aarde

Gedurende die naweek van 24 tot 28 September het ’n hele paar lede van ons Kai die SABA Mini konvensie in George bygewoon. Die Kat Rivier Kai wie die gashere was het ’n groot sukses van hierdie geleentheid gemaak.

Ons het Woensdag arriveer en die Kaap het sy beste koue nat weer vir ons opgedis! Die weer ten spytwas daar vir ons ’n heerlike verwelkomings braai gehou. Die volgende dag het ons gaan bome, hoofsaaklik Populiere, uit grawe. Die nat grond het die ou takie baie vergemaklik.

Ons het ook klippe opgetel, en die moes maar saam met ons bagasie op die vliegtuig gaan.

Org het sy bestuursvernuf getoon deur ons berg-op op die 4 x 4 rit te neem. Ons het toe nooit die eindpunt bereik nie en moes maar terug Gauteng toe sonder om die see te sien. Dit was te wyte aan ’n pap wiel!

Vervolg op bl 15

SABA mini konvensie - deur Esther van Aarde

Die Kat Rivier Kai lede het ons die namiddag ’n kykie in hul privaat tuine gegee. Wat ’n klomp talentvolle mense!

Die lesings wat aangebied is was van hoogstaande gehalte. Ons kon leer hoe om Bougainvilla te styleer, Portulucaria afra tot meesterstukke te omskep en Ficus binnenshuis te kweek.

Kompetiesies het ook nie agterweë gebly nie. Daar was ’n “new talent” sowel as “old talent” kompetisie. Ons is baie trots om te sê dat Antony Smith die 3 de plek in laasgenoemde kompetisie behaal het. Baie geluk aan Anthony.

Die Kapenaars het ons ook bederf met heerlike vermaak waarvan die “ten pin bowling” en pizza aand ’n hoogtepunt was. Die Pretoria Kai het gewys dat hulle talent ook elders as bonsai lê!



Die konvensie is afgesluit met ’n baie lekker spitbraai. Daar was vleis vir ’n hele skare. Wat ’n heerlike wyse om die naweek af te sluit! Aan die lede wat nie gegaan het nie, julle het werklik ’n groot geleentheid gemis. Aan ons wat die voorreg gehad het om dit by te woon; ons sal dit koester. ♣

KLEUR - deur Dr Pieter Loubser.



Red: Hierdie artikkel is deur Pieter verskaf in die winter. Daar was nie spasie in die vorige uitgawe van die Koeda om dit te publiseer nie, daarom word hy nou geplaas.

KLEUR

Dis nou winter. Hier in die Noord-Wes provinsie is dit vaal en skynbaar is die veld dood. Binnekort gaan die Augustuswinde die wolke stof oor hierdie dele waai en alles nog valer en veral stowweriger maak. En gewoonlik neem dit nog ‘n tyd voor die eerste reëns kom. Ek ry vanmiddag na Vereeniging en miskien is dit my bonsailiefde wat my in hierdie vaal landskap, die ontblaarde bome en takke laat geniet, veral die stukkie in die heuwels voor Parys by die Vredefort koepel. Die foto hieronder is tipies van die winter waar ek woon.

Maar, ‘n paar weke vroeër was ek in die Boland en Kaapstad. Wat ‘n kontras! Onder andere groen berge, grou rotse en bo-op ‘n sneeubedekking. Hier en daar ‘n blommetjie wat die komende lente voorspel. Te verstane dat my hart roep vir ‘n bietjie kleur. Wat bedoel ek? Kleur is mos enigiets tussen gitswart en leliewit. Ook die vaal. Andre Gide sê dan dat “*grys die kleur van waarheid*” is.

Vervolg op bl 17

KLEUR - deur Dr Pieter Loubser.

Hier in my dorp (stad?) is dit so koud dat selfs die gesiggies wat vir ‘n bietjie kleur geplant is, platval en bedremmeld lyk. “*Vannag ryp dit tussen man en vrou*”. Die een mynmaatskappy wat die groot werkverskaffer hier rond is, moes twee weke gelede meer as 500 warmwaterstelsels vervang weens vriesing en pype wat gebars het (so sê ons gemeenskapskoerant). Ons het minus sewe, minus agt Celsius ‘n paar keer beleef (so sê die weerburo). Die waterbakke in my tuin se water was blokke ys (so sê ek). En nou ‘n paar weke later skud die aarde en ons skrik ons bedremmeld. Vensters gebreek, poppe en beeldjies van rakke af en stukkend, skilderye hang skeef en ander soek nuwe rame. Pleister van mure lê oral op die grond. Die kragte van die natuur.
Gelukkig begin my bedding met sterretjies (*Spiloxene capensis*) nou die eerste blommetjies wys. My groot Liquidamber se takpunte begin swel. Die houtkappers begin knetter. Een of twee duiwe begin romantiese neigings toon (ek voer mos die voëls daar oorkant my swembad op die plaveisel). En ek het hersinskimme oor die naderende lente en die liggroene en entoesiastiese jong groei. Raheel Farooq sê: “*Kleure is die natuur wat wild geraak het*”!

Kyk, dit neem nie weg van die verstommende mooi kaal winterstamme nie. Ek het mos gesê dat ek die stamme en takke daar naby die Vaalrivier baie geniet het. Toegegee dat dit nie iets is soos hierdie sneeubedekte bonsai van Kevin Wilson nie: En daarom ook die pragtige skrywe van GK Chesterton met “*Wit is nie net ‘n afwesigheid van kleur nie; dit is ‘n glansende en bevestigende iets, so vurig soos rooi, so definitief as swart. God verf met menige kleure; maar Hy verf nooit so heerlik, ek het amper gesê uitspattig, soos wanneer hy met wit verf nie*”.

My Celtisse kan om een of ander rede steeds groen mos wys soos hieronder, maar Jarod Kintz red my boom met “*My gunsteling kleur op doek is naaktheid*”.

Vervolg op bl 18

KLEUR - deur Dr Pieter Loubser.

Fernand Leger waarsku ons dat "*die mens kleur nodig het om te leef. Dis net so nodig as vuur en water*". Iets hiervan herinner aan my studies oor presokratiese filosowe wat vuur en water as basiese elemente van alles beskou het. Maar hierdie gesprek gaan oor bonsai en dit is goed om te herinner aan wat Georgia O'Keeffe gesê het, naamlik "*Ek het gevind dat ek dinge kon sê met kleur en vorms wat ek nie andersins op enige manier kon sê nie*". 'n Les vir bonsaistileerders. Kleur en vorm. Kontraste. Lig en donker. Reguit en krom. Lewend en dood.

"*Die voëls moet kan vlieg tussen die bome se takke deur*". Ek gaan nie sê watter Amerikaner hierdie raad gegee het nie, want ek het dit nie self gehoor nie, maar dit het betrekking. Dit is geldig en tog in heelparty style ook definitief nie. Wat egter hierin vervat is, is die begrip van negatiewe en positiewe spasies. Teken jou hand deur nie die vingers te teken nie, maar die spasies tussen die vingers en die groot spasie om die hand. 'n Kunsbeginsel. Let op na die skadus in en om takke. Dit gee dimensie en lewe aan jou bonsai. Paul Cezanne gee raad:"*Skadu is 'n kleur soos wat lig is, maar minder glansend; lig en skadu is slegs die verwantskap van twee kleurskakerings*".

Meer waarskuwend is die uitdrukking dat "*jy nie 'n skadu het as jy in die donker wandel nie*". Maar hierdie aanhaling het gelukkig nie te doene met bonsai nie maar wel met gedrag en etiek en soos Peter James maan "*is daar mense wat groot sukses in die lewe bereik, terwyl hulle 'n bietjie ontspanning en 'n blerts kleur toevoeg tot hierdie toenemende grys wêreld*".

Tussenskrif: Ek vertaal vrylik in meeste gevalle en hoop dit gee iets weer van wat die oorspronklike sêgoed bedoel het. "*Kleure praat alle tale*" volgens Joseph Addison.

Vervolg op bl 19

KLEUR - deur Dr Pieter Loubser.

Kyk net na die foto van Simon X en sien wat die kontrasterende kleure doen. Charles D Broad sê nie verniet "*wanneer ek 'n kleur sien, hoor ek 'n geluid, is ek bewus van iets en nie van niks nie*". Dit word bevestig deur Theodore Gericault wanneer hy stel "*dat ons met die kwas slegs kleur modereer,wyl net die verbeelding kleur produseer*".
Juis oor die siening van die spektrum van kleur is dit goed om te luister na Markus Zusak in "***The Book Thief***" met "*Mense neem die kleure van 'n dag waar slegs aan die begin en einde daarvan, maar vir my is dit duidelik dat 'n dag amalgameer in 'n menigdom van kleure en intonasies met elke verbygaande oomblik. 'n Enkele uur kan bestaan uit duisende verskillende kleure. Wasagtige gele, kleurbespatte bloue. Sombere donkertes. In die werk wat ek doen, neem ek kennis van hierdie goed*."
En Jacqueline Bisset beaam dit met:"*Ek is 'n groot liefhebber van kuns, in menige vorms: skilderye, voorwerpe, tekstiele. Ek besit nie die talent om te skilder nie, maar ek het 'n groot voeling vir kleur, 'n liefde vir visuele mooiheid*".

Verstommende kleure in hierdie Esdoring.

Vervolg op bl 20

KLEUR - deur Dr Pieter Loubser.

En wat sê u van Melvyn Godstein se Azalea in volle glorie? Maar selfs hieronder is die min blommetjies aan Boon Manakatipart se eenvoudige bonsai ‘n aanduiding van die lente.

Voor mens by die lente kom, moes jy eers deur die winter, maar selfs hier is ook kleur. Weliswaar ‘n ander kleur, soos die Europese larix wat ek in BonsaiBark raakgeloop het. Dit praat tog met jou: vertel iets van die wese van winter. En gelukkig en wonderlik varander die seisoene, beweeg ons van een belewenis na die ander. Rita Said sê nie verniet dat “*verandering haar gunsteling kleur is*”.

Vervolg op bl 21

KLEUR - deur Dr Pieter Loubser.

Oscar Wilde sê dat "*blote kleur onbesoedeld deur betekenis en onverbonde met besliste vorm, kan spreek tot die siel in duisende verskillende maniere*". Dit is 'n moeilke stelling om te oorweeg, maar probeer gerus. Wat kan kleur vir ons beteken? Jacqueline Ripstein sê in **The Art of Healing Art: The keys to Power and Awareness** "Kleure is vibrerende ligenergieë, elke kleurstraal gee 'n klank wat materiële dinge affekteer". Kleur affekteer ons.

Groete tot êrens net na die lente,

Pieter Loubser

Vergadering van 4 Oktober 2014

Vergadering van 4 Oktober 2014

"Tip of the month" - deur Christa Vermaak

Raad vir goeie bonsai.

- As beginner gebruik bome wat in jou omgewing aard. Voor jy op 'n 'onbekende' spesie besluit vra of iemand dit al probeer het en sukses gehad het. Bome met natuurlike klein blare en blomme is 'n goeie begin. Gebruik gerus ons inheemse struike en bome, hulle is gehard.
- Goeie "taper" en baie takke is belangrik. "Taper" in die stam gee sommer vinnig 'n bonsai gevoel.
- Goeie wortelstelsel (nebari) is belangrik. Hierdie aspek word dikwels verwaarloos, ons kyk net na die boom.
- Werk met die grootte bome wat jy kan hanteer. Indien jy min spasie het kan jy nie groot bome hê nie. Klein boompies (Shohin) is ook baie mooi en maklik om te hanteer en op te tel.
- Indien jy by 'n kwekery 'n plant koop koop goeie material. Die boom moet gesond wees. 'n Stok met blomme aan is gewoonlik nie die geld werd nie. Bome waaraan iemand reeds aan gewerk (gestyl) het kos gewoonlik meer maar kan die moeite werd wees. Ons het almal die een of ander weeskind wat ons vertroetel. Kyk of hy regtig die moeite werd is, anders komposhoop toe met hom.
- Bonsai moet verander. "For the better!" Kyk as daar nuwe takke begin groei of hulle nie beter lyk of in 'n beter posisie is as wat jy het nie. Neem jou bome na die kai vergaderings toe, iemand anders sien dalk iets raak wat jou boom soveel beter kan maak en wat jy uit gewoonte mis kyk.
- Snoei gereeld. Leer om die rigting van takke deur snoei te verander. Blare verklein ook met gereelde snoei, soos die van die Witstinkhout.
- Leer om reg te bedraad. Onthou ook om bedrading betyds af te haal voordat dit skade aan die boom maak. As dit eers insny bly die wonde baie lank daar.
- Leer watter soort bome daarvan hou om "root bound" te wees, soos bv Azalea en Junipers. Die "Fukien tea" wil weer spasie hê en hou nie van "rootbound" kondisies nie. Leer hoe om wortels te snoei, en wanneer. Vra RAAD by ervare lede.
- Kyk eenkeer per jaar krities na jou versameling en raak ontslae van als wat jou nie warm en suzzy laat voel nie. Dalk is van hulle geskik vir die 'raffle'. As 'n boom sukkel kry raad, plant in die tuin of stuur hom komposhoop toe.

South Africa has about 1700 indigenous tree species and we have only skimmed the surface with a handful we use as bonsai. Just imagine how many other gems are out there waiting to be discovered!

Adam Harrower.

Vergadering van 4 Oktober 2014

Duvan Horn het die tema ‘Ontblote Wortel Styl’ hanteer. Hy het ’n aanbieding op skerm gewys en daarna twee of drie bome in lang bottels geplant om te wys hoe jy die lang wortels wat nodig is kry.

Exposed Root Style
Ontblote Wortel Styl
Japanees - Neagari

So wat is ontblote wortel styl?

Vergadering van 4 Oktober 2014

Soos gesien in die foto's is dit n styl geskep spesiaal vir dooie bome met mooi wortels.

Serious?

Nee nie regtig nie.

Die ontblote wortel styl is waar die boom se wortels sigbaar is bo die grond sonder grond en as sulks n verlenging van die stam vorm.

Dit verteenwoordig n ou boom wat deur tyd, wind en water sy wortels ontbloot het om sy klou vas op die aarde te wys.

Die ontblote wortels kan tussen twee derdes en n half van die totale boom se hoogte uit maak.

Klasieke reels bepaal dat wortels wat kruis verwyder moet word. Dit vorm dan n egalige lyn van bo tot onder wat met die oog gevolg kan word sonder enige afleidings.

Afhangend van die spesie van boom wat gebruik word en die groei omstandighede moet daar gedurig grond om die wortels verwyder word sodat die wortels bas kan vorm en verhard. Hierdie proses kan baie lank vat so wees geduldig.

Ontblote wortel styl bonsai kan in enige van die primere style van bonsai gevorm word. Die skuins stam (Slanting), wind verwaai (Wind Swept) of oorhang style (Cascade or Semi Cascade) is egter beter om te gebruik want hierdie style vorm n meer geloofwaardige prentjie dat grond erosie gely het tot die ontblote wortels.

Vergadering van 4 Oktober 2014



Wilde vy bonsai vorm baie keer lug wortels wat die wortels by die basis van die stam ondersteun. Sulke bome word nie gewoonlik geklassifiseer as ontblote wortel styl bonsai nie.

Reels ten opsigte van die ontblote wortel styl:

Daar is nie eintlik reels nie slegs riglyne.
Elke boom gaan anders lyk.
Dit is belangrik dat die wortels stewig genoeg is om die boom op te hou.
Die wortels moet dik genoeg wees sodat dit lyk soos meervoudige stamme.
In die finale ontwerp moet die aantal stamme/wortels n onewe nommer wees.
Dit sal egter voordelig wees as daar gewag word totdat die boom goed genoeg ontwikkel het voordat daardie wortels wat nie deel van die finale ontwerp vorm verwyder word nie.

Voordele van ontblote wortel styl:

- Is die mooi prentjie van rowwe dog elegante wortels wat vertoon word.
- Wortels (Nebari in Japanees) vorm n belangrike rol in bonsai. Met die ontblote wortel styl word die wortels versprei en uit gelig sodat die swaar omstandighede waarin die boom oorleef het gesien en beleef kan word.
- Die beeld vorm n aanloklike prentjie vir die kunstenaar asook die kyker deur die negatiewe spasie wat geskep word.
- • Dit vorm ook n kontrasterende beeld van die weelige groei in die boonste gedeelte van die boom en dan die dun wortels wat hoog uit n vlak pot ryk.

Vergadering van 4 Oktober 2014

Nadele van ontblote wortel styl:

- Wortels volg baie keer hulle eie pad. Dikwels sal dit ondervind word dat soos die grond verwyder word jy dik wortels kry wat gekruis het en verwyder moet word. Dit sal tyd vat om dan ander wortels te ent of te verdik om by die boom en ander wortels te pas.
- Dit word egter moeiliker as dit kom by gegroude bome met baie fyn wortels om die ontblote wortel styl te vorm. Hier is geduld baie belangrik.
- Bome van saad of stiggies ("cuttings") maak dit n bietjie makliker om die wortels te kies wat ons wil gebruik om die styl te vorm, maar gaan dus soveel langer vat om n volwaardig bonsai te vorm.

Bome geskik vir die styl:

- Trident Maple (Acer Buergerianum)
- Japanese Maple (Acer Palmatum)
- Beech (Acer Palmatum)
- Crab Apple (Malus spp)
- Pomegranate (Punica granatum)
- Conifers
- Japanese White Pine (Pinus parviflora)
- Black Pine (Pinus thunbergii)
- Juniper (Juniperus spp)
- Olive (Olea spp)

Meeste bome is egter geskik vir die onblote wortel styl, mits jy die geduld het.

Vergadering van 4 Oktober 2014



Illus 16-1

Illus 16-3

Vergadering van 4 Oktober 2014

Duvan het ’n klein blaar “Privet” en Kei Appel in koeldrankbottels geplant, soos wat gesien kan word op die foto’s.

Uitstalling 18 –19 Oktober 2014

Die jaarlikse uitstalling is gehou oor die naweek van 18-19 Oktober en wel by die Safari kwekery. Die uitstalling was weereens ’n baie groot sukses en besoekers sowel as lede het aangedui dat hulle dit baie geniet het.
Daar was ’n hele klomp lede wat baie hard gewerk het met die opstel van die uitstalling, wat diens gedoen het gedurende die paar dae asook met die opruiming, om ’n sukses van die uitstalling te maak. Omrede daar hierdie jaar nie ’n toegangsfooi gevra is nie het ons nie kon monitor hoeveel lede van die publiek die uitstalling besoek het nie, maar dit was baie. Daar het ook 12 persone hulle details verskaf wat aangedui het dat hulle moontlik by die Kai betrokke sou wou raak.

Daar was 66 bome op die uitstalling. Wat teleurstellend is is dat al die bome aan slegs 13 lede behoort. As mens in ag neem dat ons tans sowat 94 betaalde lede het wat aan die Kai behoort is dit ’n baie lae persentasie van lede wat deelneem. Ons hoop dat meer lede in die toekoms sal deelneem en die selfvertroue in hul bome kry om aan ander te wys. Begin nou al beplan vir volgende jaar se uitstalling! Die ideaal is dat baie meer lede sal deelneem om hul bome uit te stal.

Gedurende die uitstalling was daar sommer lekker aan bome gestyl en die publiek het dit baie interessant gevind om te sien hoe bome bedraad en gesnoei word.

Uitstalling 18 –19 Oktober 2014

Lede profiel - Duvan Horn

Duvan se vriendelike glimlag is ’n bekende gesig by die kai. Hy mis omtrent nooit ’n vergadering nie. Hy woon ook alle BRAT byeenkomste by en dan het hy al al die konvensies wat gehou is bygewoon sedert hy by die Kai ’n lid is. Duvan het ook al die “tip of the month” asook ’n demonstrasie aangebied.

Duvan werk by Denel Dynamics as sub-administrateur in die IT department. Hy is ’n enkel man, so die ma’s met mooi dogters ‘take note’!

Duvan sê dat hy in 2009 by sy ouers ’n bonsai boom as verjaarsdag geskenk ontvang het en, nodeloos om te sê, was van daardie tyd af ‘hooked’ op bonsai. Die boom was ’n Swartapiesdoring maar leef egter nie meer nie.

Duvan het toe in 2010 die Pretoria Bonsai Kai se uitstalling by Safari kwekery gesien en net daar aangesluit. Soos genoem is hy van toe af een van die mees getroue lede.

Vir Duvan is sy bonsai bome ’n vorm van ontspanning. Hy sê dat wanneer hy by die huis kom na ’n dag se werk ontlaai hy deur by sy bome te wees of aan hulle te werk. Bonsai is vir hom ’n “stress reliever”.

Duvan sê dat hy ongeveer honderd en twintig bome het. Sy gunsteling is ’n dubbel stam Apiesdoring, die foto hier onder. Die boom is gewoonlik een van die gunstelinge onder die publiek by die skou.

Duvan werk graag met Acacia spesies omdat hulle baie mooi bonsai maak en omdat die klein blaartjies baie mooi in proporsie met die boom is. Dan werk hy ook graag met Ficus spesies omdat hulle maklik is en jy in ’n relatief kort tydperk ’n mooi boom kan hê. Duvan se gunsteling styl is die informeel regop.

As raad aan veral beginners sê Duvan: “ Moenie te haastig wees om jou boom in ’n bonsai bak te plant nie. Plant hom eers in ’n groot groei bak of selfs in die tuin sodat hy eers sterk kan ontwikkel. Wanneer jy te haastig in ’n bonsai bak plant vorder die boom net te stadig of glad nie.”

Duvan sê dat hy in die paar jaar by die kai baie geleer het van Charles Ceronio, Pieter du Plessis en Org Exley. Hy sou graag so vorder met sy bome dat hulle werklik skou gehalte en kompetisie gehalte bome sal wees.

Duvan sê dat hy gelukkig is by die kai. Hy hoop dat al hoe meer lede by die skou hulle bome sal uitstal. Hy was aan die begin ook onseker of hy moes uitstal maar hy sê dat lede moet onthou dat as jou boom vir jou mooi is kan jy hom uitstal.

Hy hoop ook dat ons weer ’n goeie “dig site” sal kry sodat lede die lekker van bome grawe sal kan ervaar. ♣

Bonsai Kalender — Deur Dr Francois van As

Wat doen ons in November en Desember

Dit raak nou middel somer en ook die warmste tyd van die jaar wat natuurlik die grond in ons bonsaipotte vinnig laat uitdroog. Met die toename in temperature is watertoediening dus baie belangrik. In sommige gevalle sal dit meer as eenkeer per dag moet plaasvind.

Lig speel ‘n belangrike rol in die ontwikkeling van lote en moet buitenshuise bonsai gereeld gedraai word om enige wanbalans in takvorming te voorkom. Doen gereeld inspeksie en pas konstante verfyningsnoei toe. Die lote van bladwisselende bome kan teruggesnoei word tot een of twee pare blare wat vertakking en die verkleining van blare teweeg sal bring.

Nuwe groei by naaldblaarbome moet ook konstant teruggepluk word.

Indien daar gevoel word dat jong takkies nou reeds bedraad moet word, moet daarop gelet word om die draad nie te styf om die takkie te draai nie. Die vinnige groei wat nou plaasvind sal maak dat die draad maklik insny.

Dit is ‘n belangrike tyd van die jaar vir voeding en die meeste bome moet regdeur die somer bemes word. Bladwisselende bome kan seewier-ekstrak (Seagro), 2:3:2 en L.A.N afwisselend elke maand ontvang terwyl Naaldblaarbome 3:1:1 of seewierekstrak toegedien kan word.

Warm, vogtige toestande bevorder peste, hou dus dop en behandel vroegtydig.

Bonsai-groete

Francois van As

Snippets

Our Environment.

At the moment, poisoning is one of the chief causes of deaths in raptors in South Africa. Poisoning has a domino effect. Rodents and insects are usually the prime targets, since they are blamed for being pests in the home. With bodies full of poison, they become prey for other animals, such as snakes, birds and even mammals. These hunters, who are not part of the initial problem that caused the prey to be poisoned, then succumb to the poisoning too. This threatens entire species in certain areas and cannot be overlooked.

But natural rat repellents and mouse deterrents are available that are chemical-free, safe, and effective. **If you however must use a chemical poison, use the lowest toxicity products available.**

Inspiration from nature

The Windswept style describes a tree that seems affected by strong winds twisting and shaping from one direction. This style is based on trees found high on a mountain top or on an ocean cliff. **Esther van Aarde** took this photo of a windswept tree in La Lucia, a suburb of Durban.

A good example to copy in bonsai!!

.